ADVERTENSIES

STEYNEGROETE

STEYNTJIENUUSBRIEF 11

Tel: 011 902 4904 / 4726
Faks: 011 902 5502
e-pos: presteyn@mweb.co.za

23 Maart 2017

AKADEMIE

Die Toetsreeks is afgehandel en graag laat ons u weet dat die Akademie normaal voortgaan totdat die skool sluit. Deurlopende assessering word gedoen.

SKOOL SLUIT en RAPPORTE

31 Maart 2017 om 10:00

Die skool sluit op Vrydag 31/03 om **10:00** vir die skoolvakansie en **heropen** weer op **Dinsdag 18 April 2017.**

Ouers moet asb nie leerders vroeër kom afhaal nie.

Baie dankie vir u ondersteuning in dié verband.

Alle leerders ontvang hul Rapporte om **09:30** in hul **Registerklasse.**

Indien u kind nie teenwoordig is nie, kan u vanaf **10:00 tot 10:30** die rapport by die kantoor kom afhaal.

WELSYN

Ons vra asseblief of u ons weer behulpsaam sal wees met die **skenkings vir smere** vir ons broodjie-projek.

Sal u dit asb stuur vir mev Y de Jager by die skool.
Byvoorbaat dankie.

SPORT

Welpie- en nooientjiedag

6 Mei 2017

Op Saterdag 6 Mei 2017 bied ons skool bogenoemde prestige dag aan. Om als vlot te laat verloop, het ons elkeen se hulp nodig met die verkope ens.

- Daarom is daar op Donderdag 20 April 2017 ‘n vergadering om 18:00 vir alle ouers in die skoolsaal.
- Elke graad kry iets anders om te verkoop die betrokke dag.

U hulp en insette word opreg waardeer.

SUPERREEKS:

RUGBY / NETBAL

25 Maart 2017

Op Saterdag 25 Maart vind die finale plaas te Dr Malan (Meyerton).

Slegs die A-spanne is betrokke en elke span speel 2 wedstryde. Leerders sal briewe by die afrigters kry.

- Ons maak staat op ouervervoer asb!

As u kind regtig nie vervoer het nie, kan hy/sy saam met die skool se Iveco ry. Die IVECO vertrek om 07:30 vanaf die skool. Sterkte aan al ons spanne!

KASKAR

Baie dankie aan al die ouers, borge en leerders wat gehelp het om van dié dag ‘n sukses te maak. Die pragtige hempies, hoedjies, vlae ens.

- Ons wil u net graag herinner dat ons die projek wil afsluit.
- Ons vra u om asb die borgvorms wat nog uitstaande is, terug te stuur skool toe, vir oudit doeleindes. Indien die vorm weg is, moet u ‘n brief skryf en bevestig of daar geld betrokke is/of nie, en dat die vorm weg is. Byvoorbaat dankie daarvoor.

KUNSWEDSTRYD 2017

Die Alberton Kunswedstryd begin weer in die derde kwartaal. Alle leerders wat graag wil deelneem, kan solank hulle inskrywingsgelde by hulle onderwysers inbetaal.

Die kostes beloop **R40 per item** en die **groepe R20.** Die **sluitingsdatum** vir alle gelde is **26 April 2017.**

GEEN gelde sal na die datum ontvang word nie.

Ons wil weer hierdie jaar soveel moontlike leerders geleentheid gee om deel te neem.

PRODUKSIES 2000

30/03

Op **30 Maart 2017** vind bogenoemde plaas in die skoolsaal.

Elke leerder moet R12-00 by klasonderwyser inbetaal.

Langnaweek

2de Kwartaal

Die skool gaan op **Woensdag 26 April** 2017 verdaag om **12:00**

Donderdag, ***27 April 2017*** is dit **Vryheidsdag.**

Vrydag, **28ste April 2017** is ‘n **Skoolvakansiedag.**

Maandag, **1 Mei** is dit **Werkersdag**.

Die skool sal weer normaal voortgaan op Dinsdag, 2 Mei 2017.

KAALVOETDAG

21/04

Op Vrydag, 21 April 2017, kom die kinders kaalvoet skool toe. U sal ‘n brief ontvang met inligting op van watter **nie-bederfbare item** elke graad die betrokke dag moet saambring.

So kan ons behoeftige mense help. Byvoorbaat dankie daarvoor.